

**Vrydag 22 September**

**Skrifgedeelte: Psalm 116**

**Fokusgedeelte: Psalm 116:12-14**

**Beantwoord Jesus se verlossing met dankbaarheid!**

Hoe kan 'n mens ooit die Here vergoed vir al sy genade? Is daar iets wat 'n mens aan die Here kan gee om dankie te sê? Dit is die vraag wat die digter in vers 12 vra: “Hoe sal ek die Here vergoed vir al sy weldade aan my?”

Dié Psalm is deur iemand geskryf wat in doodsgevaar was. Dit was so te sê klaar met hom, maar die Here het hom op 'n wonderbaarlike manier gered en sy lewe gespaar. As dit nie vir die Here se genade was nie, dan was dit klaarpraat met die digter.

Hierdie Psalm kry sy vervulde betekenis in Jesus Christus. As dit nie vir Hom was nie, was dit klaarpraat met ons ook. Dan het ons die ewige dood tegemoet gegaan. Dan was daar vir ons geen vooruitsig ná hierdie lewe nie. Hy het egter vir ons sondes betaal aan die kruis. Hy het vir ons versoening gedoen. Daarom kan ons ook nou saam met die digter daarvan sing dat die Here ons van die ewige dood gered het. Deur Jesus Christus is ons van die ewige dood gered en kan ons uitsien na die ewige lewe ná hierdie lewe.

Iemand wat dit insien, kan nie anders nie as om die Here daarvoor te loof en te prys en sy hele lewe as 'n dankoffer aan die Here te wy. Die geskenk van die ewige lewe het immers die bloed, die lewe, van Jesus Christus gekos. Daaraan herinner die nagmaal ons ook. Die wete maak mens oneindig dankbaar!

*Sing: Psalm 116:7, 10 (1936)*

*Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*